



Vrystaat Landbou  
Free State Agriculture  
Tsa Temo Freistata

### **Veediefstal statistieke vir finansiële jaar 2020-2021, vrygestel deur Minister van Polisie**

Ficksburg, Harrismith, Selosesha en Vrede is geïdentifiseer as hoë misdadaareas in boerderygemeenskappe t.o.v. veediefstal in die Vrystaat vir die finansiële jaar 2020-2021. Die areas het meer as 100 sake in die finansiële jaar 2020-2021 aangemeld. Die 4 dorpe se boerderygemeenskappe se veediefstal sake verteenwoordig amper 15% (14.54%) van die Vrystaat se totale aangemelde sake. Dit wil voorkom asof die Vrystaat 'n daling vir die finansiële jaar in veediefstalrapporteringsyfers gehad het met 300 sake, dus 7.93%.

Die 15 dorpe wat tussen 50-99 sake aangemeld het, was Bethlehem (Bohlokong), Bloemspruit, Clocolan, Edenburg, Fouriesburg, Ladybrand, Mafube, Qwaqwa (Makwane, Phuthaditjaba), Senekal, Thaba-Nchu, Theunissen, Warden en Zastron. Die top 19 dorpe hierbo gelys verteenwoordig 41.83% van die Vrystaat se veediefstalsyfers. Die 12 boerderygemeenskappe geleë langs die RSA/Lesothogrens se aanmeldingsyfer tov veediefstal maak 23.27% van die Vrystaat se totale syfer uit. Die dorpe hierbo gemeld word beskou as die hoë misdadaareas wat deurlopende misdada voorkomings operasies/patrollies en projekte moet loods ten einde veediefstal bekamping aan te spreek, veral deur SAPD. Die Vrystaat het in die laaste kwartaal van 2020-2021, 8.2% van die totale aangemelde syfer in die land verteenwoordig wat die derde hoogste is van al die provinsies.

Boere moet maandeliks aandring op 'n "case flow" tov die monitering van sake waarin 5-stuks vee en meer gesteel is. Doen gereeld navraag oor wat die vordering op die saak is. Indien arrestasies plaasgevind het, moet die vordering in die howe maandeliks gerapporteer word op die vergaderings. 'n "Checklist" is ook opgestel in Engels en Afrikaans wat die belangrike aspekte tov aanmelding van veediefstal en ander eiendomsverwante misdade moet reflekteer. Plaaswagte en beheerkamers kan sodanige "checklist" byhou om dit maandeliks met die SAPD op te neem waar probleme ontstaan het. Dit kan ook daaglik/weeklik gedoen word.

### **APAC-werkswinkels tov Bio sekuriteits maatreëls vir afslaaers**

Twee APAC-werkswinkels onder leiding van die RPO het plaasgevind waar Vrystaat Landbou ook betrokke was, naamlik in Bethlehem en Bloemfontein. Die werkswinkel het die registrateur van APAC, Francois Knowles, betrek wat vee-produisente en veral afslaaers ingelig het rakende die nuwe biosekuriteits-reëls wat op 1 Julie 2021 in werking tree. Die reëls is in die Staatskoerant uitgevaardig en gaan 'n impak hê oor hoe veilingskrale vee moet hanteer wat vee-produisente op hul persele aflaai. Die nodige dokumentasie bv. Artikel 6 en

8 dokumentasie is weereens behandel en is daarop klem gelê dat dit korrek voltooi moet word deur produsente en afslaershuise.

Boere word weereens versoek om asb te sorg dat hul die korrekte boekies vanaf die RPO bekom. U kan Carine Annandale kontak by 079 529 5000 wanneer vee verkoop of geskuif word om seker te maak u voldoen aan wetgewing.